

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 31 AUGUST 2023

1. The House met at 14:15.
2. The Temporary Chairperson (Ms L M Maseko) took the Chair and read the prayer.
3. [14:17] The Temporary Chairperson (Ms L M Maseko) made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.
4. [14:19] The Temporary Chairperson (Ms L M Maseko) acknowledges all the guests in the gallery attending the Women's Debate today, especially the Western Cape Manager: Commission for Gender Equality, Ms Sixolile Ngcobo, the Ukukhaya Project from Khayamandi and Cloetesville, the Phenomenal Women of the District, Women's Representatives of Kraaifontein, the Western Cape on Wellness from Swartland, and the six ladies from Atlantis.
5. [14:20] The Chief Whip of the Majority Party (Ms W F Kaizer-Philander) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Speakers Debate.  
Agreed to.
6. [14:21] Speakers Debate.  
Creating Hope and Equal Opportunities for Women.  
Debate concluded.
7. [15:30] Interpellation.
8. [15:50] Questions.
9. [16:47] Statements by Members.
10. [17:06] Response to statements by Members by Mr D J Maynier, Minister of Education.
11. [17:08] Mr T A Simmers moved: That the House, noting that the Hon Marran claimed during the Sitting of the House during question time on 17 August 2023 that he had not received responses to a written question addressed to the Hon Minister Simmers and that he had to submit an oral question to obtain the information; noting that the parliamentary service indeed received the replies to the question and distributed them to Hon Marran;

noting that the assertion in the House by the Hon Marran that he did not receive the replies when he in fact did receive them is a flagrant contravention of Rule 59; therefore, resolves that the Hon Marran unreservedly apologises for deliberately misleading the House and his comments that negatively reflected on the integrity and dignity of a Member of the House.

Declarations of vote made on behalf of the ANC.

Agreed to (ANC Dissenting).

Whereupon the Hon Member Marran apologies and withdrew.

12. [17:13] Motions with Notice (*in accordance with Standing Rule 151*).

The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

13. [17:14] Motions without Notice (*in accordance with Standing Rule 150*).

14. Mr F C Christians moved without notice: That the House congratulates Wayde van Niekerk for qualifying for the 400 m final at the World Athletics Championships currently being held in Budapest (News24, Simnikiwe Xabanisa 24 August 2023); notes that he set a world and Olympic record for the 400 m men's race at the 2016 Olympics; notes that he sadly suffered a career-ending injury to his knee in 2017 while playing in a celebrity rugby match; notes that this was a serious injury and he faced delicate surgery to repair his knee; notes that his recovery from the injury has been slow but steady; notes that Van Niekerk has proven that he is tenacious in realising his vision and has been hard at work to regain his world-record form; notes that he has had a steady build-up to the World Championship by competing in races where he has done well; notes that he is currently the fastest man in the 400 m for 2023; and our prayers are with him.

Agreed to.

15. Mr G Bosman moved without notice: That the House sends its condolences to the friends and family of Theuns Stofberg; notes that Theuns represented the Free State, the then Northern Transvaal (now known as the Bulls) and the Western Province, as well as playing for the Springboks between 1976 and 1984; notes that he also occasionally captained the Springboks team; notes that, as a world-class flank, he was known for his speed and strength; further notes that he made a tremendous impact on rugby in our country and he will be greatly missed; and may he forever rest in peace.

Agreed to.

16. Mr P Marran moved without notice: That the House notes and congratulates South Africa's three Pleistocene sites, the Diepkloof Rock Shelter in Piketberg, Western Cape, the Pinnacle Point Site Complex in Mossel Bay, Western Cape, and Sibhudu Cave in Durban, KwaZulu-Natal, for nomination for world heritage status; and notes that the nomination of these sites presents an exceptional example of inter-provincial cooperation and collaboration and will showcase South Africa's unique and precious heritage on the global stage.

Agreed to.

17. Mr M Kama moved without notice: That the House notes the passing away of former Springbok captain, Marthinus Theunis Steyn "Theuns" Stofberg; notes that "Theuns" was involved in a crash that happened on the R304 outside Stellenbosch at around 19:00 on Monday night; notes that he will always be remembered for his contribution to rugby in the province and at national level; and conveys heartfelt condolences to his family and friends.

Agreed to.

18. Mr C M Dugmore moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of veteran journalist and legendary anchor, Derek Watts; notes that Derek passed away on Tuesday morning, 22 August 2023, after a battle against cancer; and extends condolences and sends a message of strength to his family and friends.

Agreed to.

19. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes the death of 21-year-old Jayden Adams whose lifeless body was discovered between a sports field and a primary school in Bonteheuwel on 23 August 2023; and extends condolences and sends a message of strength to her family and friends.

Agreed to.

20. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House remembers the life and legacy of Lorraine Botha on the 1-year anniversary of her death; notes that, on 31 August 2022, Lorraine passed away in the line of duty; notes that, to this day, her passing away has left an undeniable void, not only in the hearts of her colleagues on the 5th floor, but also in corridors and offices across this legislature; further notes that Lorraine was a remarkable woman, a leader and public servant whose values of service, humility and cooperation continue to serve as an example to each of us in this House; notes that Lorraine served as a Member of the Western Cape Provincial Parliament for eight years and during her time she served the people of the Western Cape and her constituents with distinction and integrity; and notes that our dear Lorraine is still sorely missed and is dearly loved by all of us who remain behind. May our dear friend and colleague rest in eternal peace.

Agreed to.

21. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes the alarming rise in scammers in Cape Town's business landscape who are masquerading as health officials; notes that these fraudulent activities jeopardise public trust and safety; and earnestly requests the provincial government to take immediate action by alerting citizens about these scams through public awareness campaigns and by advocating stricter penalties against such deceitful practices.

Agreed to.

22. The House adjourned at 17:30.

ROMEO ADAMS  
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

## VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE

# PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 31 AUGUSTUS 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Tydelike Voorsitter (me L M Maseko) neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:17] Die Tydelike Voorsitter (me L M Maseko) doen 'n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.
4. [14:19] Die Tydelike Voorsitter (me L M Maseko) gee erkenning aan al die gaste op die galery wat die Vrouedebat vandag bywoon, in die besonder die Wes-Kaapse Bestuurder: Kommissie vir Geslagsgelykheid, me Sixolile Ngcobo, die Ukukhaya-projek van Khayamandi en Cloetesville, die Phenomenal Women of the District, vroueverteenwoordigers van Kraaifontein, die Western Cape on Wellness van Swartland, en die ses dames van Atlantis.
5. [14:20] Die Hoofswep van die Meerderheidsparty (me W F Kaizer-Philander) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Speakersdebat voorrang het.  
Goedgekeur.
6. [14:21] Speakersdebat.  
Die skep van hoop en gelyke geleentheid vir vroue.  
Debat afgesluit.
7. [15:30] Interpellasie.
8. [15:50] Vrae.
9. [16:47] Verklarings deur Lede.
10. [17:06] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.
11. [17:08] Mnr T A Simmers stel voor: Dat die Huis, met kennisname dat die agb Marran tydens die Sitting van die Huis tydens vraetyd op 17 Augustus 2023 beweer het dat hy nie antwoorde ontvang het op 'n skriftelike vraag wat aan die agb Minister Simmers gerig is nie en dat hy 'n mondelinge vraag moes indien om die inligting te bekom; met kennisname dat die parlementêre diens inderdaad die antwoorde op die vraag ontvang het en dit aan agb Marran versprei het; met kennisname dat die bewering in die Huis deur die

agb Marran dat hy nie die antwoorde ontvang het nie, terwyl hy dit wel ontvang het, 'n blatante oortreding van Reël 59 is; daarom besluit dat die agb Marran onvoorwaardelik om verskoning vra omdat hy die Huis opsetlik mislei het en opmerkings gemaak het wat die integriteit en waardigheid van 'n Lid van die Huis negatief geraak het.

Stemverklarings namens die ANC.

Goedgekeur (met teenstem van ANC).

Waarop die agb lid Marran hom onttrek het en om verskoning vra.

12. [17:13] Voorstelle met kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 151*).

Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

13. [17:14] Voorstelle sonder kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 150*).

14. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Wayde van Niekerk gelukwens met sy kwalifikasie vir die 400 m-finaal by die Wêreldatletiekkampioenskap wat tans in Boedapest gehou word (News24, Simnikiwe Xabanisa 24 Augustus 2023); kennis neem dat hy 'n wêreld- en Olimpiese rekord vir die 400 m-manswedloop by die Olimpiese Spele in 2016 opgestel het; kennis neem dat hy in 2017 ongelukkig 'n loopbaanbeëindigende besering aan sy knie opgedoen het toe hy aan 'n rugbywedstryd vir bekendes deelgeneem het; kennis neem dat dit 'n ernstige besering was en dat hy 'n delikate operasie moes ondergaan om sy knie te herstel; kennis neem dat sy herstel van die besering stadig, maar bestendig was; kennis neem dat Van Niekerk bewys het dat hy vasberade is om sy visie te verweselik en hard aan die werk was om sy wêreldrekordvorm te herwin; kennis neem dat hy 'n bestendige opbou tot die Wêreldkampioenskap gehad het deur aan wedlope deel te neem waar hy goed gevaar het; kennis neem dat hy tans die vinnigste man in die 400 m vir 2023 is; en vir hom bid om die 400 m-finaal te wen.

Goedgekeur.

15. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig met die vriende en familie van Theuns Stoffberg; kennis neem dat Theuns die Vrystaat, die destydse Noord-Transvaal (nou bekend as die Bulle) en die Westelike Provinsie verteenwoordig het, asook tussen 1976 en 1984 vir die Springbokke gespeel het; kennis neem dat hy ook soms die Springbokspan aangevoer het; kennis neem dat hy as 'n wêreldklasflank bekend was vir sy spoed en krag; verder kennis neem dat hy 'n groot impak op rugby in ons land gemaak het en dat hy baie gemis sal word; en mag hy vir ewig in vrede rus.

Goedgekeur.

16. Mnr P Marran stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Suid-Afrika se drie Pleistoseen-terreine, die Diepkloof-rotsskuiling in Piketberg, Wes-Kaap, die Pinnacle Point-terreinkompleks in Mosselbaai, Wes-Kaap, en Sibhudu-grot in Durban, KwaZulu-Natal, gelukwens met hul benoeming vir wêrelderfenisstatus; en kennis neem dat die benoeming van hierdie terreine 'n uitsonderlike voorbeeld van interprovinsiale samewerking en samewerking is en Suid-Afrika se unieke en kosbare erfenis op die wêreldverhoog ten toon sal stel.

Goedgekeur.

17. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van oud-Springbokkaptein, Marthinus Theunis Steyn “Theuns” Stofberg; kennis neem dat “Theuns” betrokke was in ’n botsing wat Maandagaand omstreeks 19:00 op die R304 buite Stellenbosch plaasgevind het; kennis neem dat hy altyd onthou sal word vir sy bydrae tot rugby in die provinsie en op nasionale vlak; en innige meegevoel betuig met sy familie en vriende.

Goedgekeur.

18. Mnr C M Dugmore stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis neem met hartseer kennis van die dood van veteraanjoernalis en legendariese ankeraanbieder, Derek Watts; kennis neem dat Derek op Dinsdagoggend, 22 Augustus 2023, ná ’n stryd teen kanker oorlede is; en meegevoel betuig met en ’n boodskap van sterkte aan sy familie en vriende stuur.

Goedgekeur.

19. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van die 21-jarige Jayden Adams wie se lewelose lyk op 23 Augustus 2023 tussen ’n sportveld en ’n laerskool in Bonteheuwel gevind is; en meegevoel betuig met en ’n boodskap van sterkte aan haar familie en vriende stuur.

Goedgekeur.

20. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die lewe en nalatenskap van Lorraine Botha op die eenjarige herdenking van haar dood in herinnering roep; kennis neem dat Lorraine op 31 Augustus 2022 in die uitvoering van haar plig oorlede is; kennis neem dat haar dood tot vandag toe ’n onmiskenbare leemte gelaat het, nie net in die harte van haar kollegas op die 5e verdieping nie, maar ook in die gange en kantore regoor hierdie wetgewer; verder kennis neem dat Lorraine ’n merkwaardige vrou, ’n leier en staatsamptenaar was wie se waardes van diens, nederigheid en samewerking steeds as ’n voorbeeld vir elkeen van ons in hierdie Huis dien; kennis neem dat Lorraine vir agt jaar as Lid van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement gedien het en gedurende daardie tyd die mense van die Wes-Kaap en haar kiesers met onderskeiding en integriteit gedien het; en kennis neem dat ons liewe Lorraine steeds baie gemis word en baie geliefd bly onder ons almal wat agterbly. Rus in ewige vrede, ons dierbare vriend en kollega.

Goedgekeur.

21. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die kommerwekkende toename in swendelaars in Kaapstad se sakeomgewing wat hulle as gesondheidsamptenare voordoen; kennis neem dat hierdie bedrieglike aktiwiteite openbare vertroue en veiligheid in gevaar stel; en die provinsiale regering ernstig versoek om onmiddellik op te tree deur burgers te waarsku oor hierdie swendelary deur middel van openbare bewusmakingsveldtogte en deur strengere strawwe teen sulke bedrieglike praktyke voor te staan.

Goedgekeur.

22. Die Huis verdaag om 17:30.